

Hoofstuk van die dag: Eksodus 3

> *Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.” (vers 14)*

’n Naam in die Ou Testament kultuur was meer as net ’n noemer.

Dit het iets vertel van die persoon wat die naam dra. Daarom was hierdie ’n belangrike oomblik in God se pad met Moses, want met sy Naam het Hy meer gesê as wat ons vandag in ’n naam hoor.

Die Naam wat God vir Moses gee, is vir ons vreemd, maar dit is veelseggend, swaargelaai aan betekenis.

“Ek is” beteken dat God altyd daar is en sal wees, die steeds Teenwoordige. Waar jy ook al gaan, waarin jy jou ook al begeef, watter nood jou tref – God is daar. Dit bely Dawid so ongelooflik mooi in Psalm 139.

“Ek bly getrou aan Myself,” moet ons ook in die Naam hoor. Soos wat God in die verlede was, so is Hy nou nog en sal Hy altyd wees.

God se Naam is ’n werkwoord, want God is ’n handelende, werkende God, wat optree in die geskiedenis en ook vir sy mense opstaan.

Wonderlik dat ons Hom op sy Naam mag ken en aanroep!

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026